

26 April

Skrifgedeelte: Lukas 11:1-13

Fokusgedeelte: Lukas 11:13

HK, Vraag 116

Bid vol dankbaarheid om die Heilige Gees

Die volgende veertien dae gaan ons uit die Here se Woord en ons belydenis saam dink en leer oor ons gebede. Voordat ons oor die gebed nadink is dit belangrik dat ons ons afvra of ons nog bid. Het jy al vandag gebid of beplan jy nog om te bid? Is gebed vir jou belangrik of so 'n afskeepdeeltjie van jou geloofslewe?

Vir ons Here Jesus was gebed baie belangrik. Hy het self gebid en Hy het ook sy dissipels geleer om te bid. In ons fokusgedeelte leer Jesus ons om ook te vra vir die Heilige Gees. Hy gee die belofte dat die Vader die Heilige Gees sal gee aan dié wat vra. Gaan vandag nog na die Here toe en vra Hom met vrymoedigheid om sy Heilige Gees. Vra dat die Heilige Gees jou sal vul, dat jy onder die heerskappy van die Heilige Gees vandag sal leef, dat jy in die stryd tussen jou sondige aard en die Heilige Gees gehoorsaamheid aan die Gees sal betoon. Ons belydenis stel dit so pragtig dat "God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank."

Daarna, wanneer ons hierdie wonderlike geskenk van die Here ontvang het, wat is ons reaksie daarop? Vul dit ons met verbasing, blydskap, verwondering en groot dankbaarheid? Sê ons: "Dankie, Here! Dankie vir alles wat U vir my gee sonder dat ek dit enigsins verdien. Dankie, Here, vir vergewing van al my sondes. Dankie vir vryspraak, al is ek diep skuldig. Dankie vir die ewige lewe, al verdien ek die dood. Dankie vir u Heilige Gees wat van my sy tempel maak en in my, sondige mens, kom woon en werk. Dankie, dankie ...!?" Ja, gebed is inderdaad die vernaamste deel van my dankbaarheid, soos ons belydenis dit stel.

Sing: Psalm 143:8

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)

~~~~~